# KOERSVAS

Jaargang 13 Uitgawe 249
17 April 2026

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr J Otto



**In hierdie uitgawe:**

**Redaksioneel:** **Volhoubaarheid**

**Berigte:** **Kennisgewing - Lewensbrood**

**Litigasie**

**Kennisgewings**


## REDAKSIONEEL

**Volhoubaarheid**

Van die lesers sal nog die beweging "roep" onthou. **R**ed **O**ns **E**ensame **P**latteland het ten doel gehad om mense weer na die platteland te lok. Die platteland was besig om te ontvolk en dit het 'n geweldige impak gehad op daardie deel van die ekonomie en veral op boerdery. Daar is 'n komplekse kombinasie van faktore wat agter hierdie ontvolking gestaan het.

Deur die geskiedenis, internasionaal, het ons gesien dat die industrialisasie en die ekonomiese magneet van stede mense na die groot bevolkings konsentrasies gelok het. In sommige gevalle het veiligheid ook 'n rol begin speel - in ons eie konteks. Die owerhede se beleid en beleidstoepassing post 1994 het ook bygedra om mense in 'n rigting te stuur. Neem daarmee saam die verbrokkeling van infrastruktuur en die groeiende ekonomiese uitdagings waarmee boerdery gepaard gaan wat ook die oor-versigtiges uitwan.

Die vrugbaarheid van ons voorsate moet ook nie onderskat word nie. Selfs die grootste plaas kan net soveel keer onderverdeel word alvorens die erfporsie-grond nie meer ekonomies lewensvatbaar is nie. Die ander kinders moet maar dorp toe en stad toe. Nie alle kinders wat grond geërf het, was ewe bedrewe met boer nie en sommiges het gewoon geen belangstelling gehad nie.

Die gevaar van 'n tekort aan voedselsekerheid het gelukkig uit eie geledere van die boere-gemeenskap die oplossing gevind in mega-boere. Daarmee saam het meganisasie ook grootskaals in die boerdery gemeenskap posgevat. So 'n gemeganiseerde mega-boerdery benodig natuurlik minder arbeid. So, al gaan die boerdery voort, is daar 'n baie kleiner boerdery gemeenskap. Boerdery is volhoubaar weens 'n kerngroep se aanpasbaarheid by nuwe situasies, meganisasie, navorsing en die noodsaak van die bedryf. Nie alle gemeenskappe en ondernemings oorleef die uitdagings wat verandering bring nie.

Die vele sop-kombuise wat in arm gemeenskappe paddastoel, se aktiewe dienstydperk strek oor enkele maande of dalk 'n paar jaar. Die meeste van hulle moet toemaak weens onvoorsiene veranderings en 'n gebrek aan beplanning rondom volhoubaarheid. Die diensbare sopkombuise wat oorleef, doen so op grond van aanpasbaarheid, tydige en behoorlike beplanning en 'n toewyding tot projekte se volhoubaarheid. So sal ons talle voorbeelde kan aanhaal uit ander sektore van die gemeenskap – bejaarde sorg, sorg vir gestremdes, hulp aan mense in plakkerskampe en vele meer.

'n Goeie hart, 'n vinnige sterk begin en 'n entoesiastiese benadering is nie genoeg nie. Baie mense met goeie harte het ander en hul eie harte gebreek omdat hulle pogings nie volhoubaar is nie.

Dieselfde geld ook kerke. Die Here hou self Sy kerk in stand, so glo en bely ons. Gemeentes kom en gaan, denominasies

kom en gaan, maar die kerk bly staan tot die wederkoms. Teen hierdie agtergrond moet ons geliefde GHG na eie volhoubaarheid kyk. Die eerste uitdagings is reeds hier. Gemeentes se finansies is onder druk, ten spyte daarvan dat hulle jare se heffings-oorbetalings aan die NHKA gespaar het. Die getal lidmate bly redelik konstant, maar die getal predikante krimp.

Hulle wat nog diensbaar is, word ouer. Die Bondsvergadering se besluit om die emeritaat ouderdom as 70 te bevestig (lankal genoem maar nooit genotuleer nie), het uitstel gegee, maar daar sal daadwerklik aandag gegee moet word aan die werwing en opleiding van die volgende geslag predikante.

So is dan ook dat die werk dieselfde bly en die arbeiders minder word of moeg word. Ons predikante het ondersteuning en lojaliteit nodig, ons arms moet omhoog gehou word soos met Moses van ouds. Teen hierdie agtergrond moet ons ook kyk na die kennisgewing wat volg. Kom ons raak bedag op die gevaartekens en handel voor dit te laat is. Mag hierdie wekroep tydig wees.

Johan Otto

## BERIGTE

**KENNISGEWING - LEWENSBROOD**

Die Lewensbrood is 'n gesamentlike Bondspredikante verantwoordelikheid en die redaksie is dankbaar vir die predikante wat bereid was om hul verantwoordelikheid na te kom en selfs in te staan vir ander wat nie hul weg oopgesien het vir bydraes vir 2027 nie. Ongelukkig kan ‘n paar predikante nie meer alleen die wa deur die drif trek nie. Ons as redaksie is ook nie bereid om AI te gebruik, dagstukkies uit ander mense se bundels te gebruik, of net met 'n "paar stukkies" wat belowe word, die pad aan te durf nadat verskeie predikante onttrek het nie.

Die redaksie van Lewensbrood het dus na die finale insette van die Bondspredikante, soos versoek, met die Meningsopname (poll) op die predikanteblad besef dat ons by 'n kruispad gekom het. Na ons eerste Lewensbrood die lewenslig aanskou het in 2013, soos besluit tydens dieselfde jaar se steedsHervormers vergadering te Premiermyn gemeente, het ons nou nie net 'n kruispad nie, maar die einde van die pad bereik. Gesien in die lig van totale predikantebydraes, het ons geen ander keuse nie. Lewensbrood is totaal afhanklik van volle deelname deur Bondspredikante. 2026 was dus die laaste publikasie. Daar sal geen dagstukkies meer wees nie. Dit is met hartseer wat ons afskeid neem van Lewensbrood wat soos 'n kind gegroei het saam met die Bond.

Dankie aan elke predikant wat oor die 13 jare deelgeneem het, lewens verryk, en mense nader aan die Here gebring het met suiwer Evangelieverkondiging. Dankie ook vir Ella en Paul, Mandi en Kobus by Teamwork Printers wat altyd vir ons die ekstra pad geloop en kostes tot op die been geskraap het met 'n keurig saamgestelde, kosbare geloofsproduk.

Dankie aan al die predikante wat vir 2027 sou skryf, en veral aan di Frans Marais, Jaap Steenkamp, Rita van Antwerpen, en dr Johan Otto wat bereid was om, buiten hul eie vol lading, ekstra dagstukkies te skryf om in te staan vir die predikante wat nie gaan skryf nie of wat aangedui het dat hulle net ‘n paar sou skryf.

Dankie aan die predikante wat aan die meningspeiling deelgeneem het. Sodoende kon 'n besluit betyds geneem word voordat daar met proefleeswerk en ander prosesse begin is.

Aan God die eer en dank vir wat ons gehad het.
Dominus vobiscum.

Yvette Otto - Redakteur

**KENNISGEWING – Predikante korps**

Gemeente en in die besonder die skribas moet van die volgende kennis neem. Ds. Faan Visser het bedank as predikant en lidmaat van die GHG.

Ds. Antoinette van Zyl het bedank as predikant en lidmaat van die GHG. Sy het ook haar handtekening op die Staat van Belydenis teruggetrek.

**Litigasie**

Hiermee bevestiging dat die saak tussen GHG gemeentes en die NHKA op 9 - 20 November 2026 in die Gauteng hooggeregshof aangehoor sal word. Gemeentes en lidmate word versoek om ten behoewe van ons saak ernstig te bid en finansieel ruim by te dra om hierdie saak van harte te ondersteun. Die einde is in sig!

Uit die besluit van die Kliënte vergadering van die gemeentes wat betrokke is by die litigasie op 21 Maart 2026 by Meyerspark is daar drie opsies aan verenigings en gemeentes deurgestuur. Gemeentes en verenigings word daaraan herinner dat hulle die Bestuur teen 21 April 2026 in kennis moet stel van hulle keuse.

**KENNISGEWINGS**

**DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:
Kalenders
Kwitansieboeke
Offergaweboeke
Dames Kwitansieboeke
Konsistorieboeke
Reklame-plakkate en ander drukwerk
ella@teamworkprinters.com